NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MODERATUUR EN DESKUNDIGE LEDE, GEHOU TE BYBELHUIS, COTSWOLD, OP 24 NOVEMBER 2004

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, Hansie Schutte, open met gebed.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Hansie Schutte - Voorsitter
Chris van Wyk - Onder-voorsitter
Schalk du Toit - Aktuarius
Danie Mouton - Skriba

3. TYDINDELING

3.1 Kennis geneem van die tydindeling:

- 09:00 Moderatuurslede vergader
- 11:00 Tee (Deskundige Lede en Ad Hoc Projekbestuurders sluit by die vergadering aan)
- 11:30 Begroting
- 13:00 Gesamentlike middagete
- 13:45 Begrotingsgesprek gaan voort (indien nog nie afgehandel)
- Middagsessie: Deskundige lede en Ad Hoc Projekbestuurders besin oor die pad vorentoe in die lig van die AS se herstrukturering.

4. MODERATUUR (EIE SAKE)

4.1 Opdragte van die SK-Dagbestuur 2004-10-28

4.1.1 Streekskonvente (pt 5.1.1)

4.1.1.1 Die beplanning van die streekskonvente word in samewerking met die ander rolspelers gedoen. Dit staan oor tot gesprek met die moderatuur van die VGK Kaapland, wat plaasvind tydens die Konvent-Bosberaad van 29 November tot 1 Desember 2004.

4.1.1.2 Aanbeveling: Die SK verleen volmag aan die moderatuur om die beplanning van die streekskonvente in samewerking met ander rolspelers af te handel.

4.1.2 Sinodale beplanning in die lig van die Algemene Sinode (pt 6.1.2)

4.1.2.1 Die vergadering bespreek die sinodale beplanning vir visionêre leierskap in 2005/6 na aanleiding van die bestaande beplanning van die SK en die spesiale beplanningsvergadering van Oos-Kaapse afgevaardigdes tydens die Algemene Sinode.

4.1.2.2 Besluit: Die beplanning word aan die SK voorgelê - vergelyk Bylaag P - SK-Sakelys van 25 November 2004.

4.1.3 Besluiteregister Algemene Sinode (pt 6.5)

4.1.3.1 Die voorsitter en skriba het die wesenlike elemente bepaal wat uit die besluiteregister onder gemeentes se aandag gebring moet word. Dit word aan al die gemeentes versend.

4.1.4 Sinodale ritme: - 'n Oos-Kaapse Sinode vir 2005?

4.1.4.1 Die vraag is of die Oos-Kaap 'n sinode in 2005 moet hou om aan te pas by die ritme van die Algemene Sinode. Die SK-Dagbestuur het die moderatuur versoek om 'n aanbeveling hieroor aan die SK te maak.

4.1.4.2 Die moderatuur beveel aan dat 'n buiten-gewone sinodale vergadering van Dinsdagmiddag 18 Oktober tot Donderdagmiddag 20 Oktober 2004 in Port Elizabeth gehou word.

4.1.4.3 Die sakelys bestaan uit sake wat die sinodale kommissie as van wesenlike belang vir die roeping van die NG Kerk in Oos-Kaap beskou. Hierdie sake word tydens die SK-vergadering van Mei 2005 geïdentifiseer.

4.1.4.4 Die koste word beraam op R1,000 per afgevaardigde vir die volle omvang van die sinode. Die koste sal vir die rekening van gemeentes wees, in ooreenstemming met die nuwe sinodale struktuur van befondsing.

4.1.4.5 Die SK vergader op 20 Oktober net na afloop van die sinode.

4.2 Heffing vir die Algemene Sinode, Kweekskool en Argief

4.2.1 Die beginsel word onderskryf dat alle gemeentes volgens 'n vasgestelde formule bydra tot die befondsing van die Algemene Sinode.

4.2.2 Hierdie heffing word - soos in die verlede - ingesluit by die gewone sinodale dankoffers van gemeentes.

4.2.3 Aanbeveling:
Gemeentes wat nie sinodale dankoffers bydra nie, betaal nogtans die vasgestelde heffing op hul lopende bydraes, wat bereken word teen

· **0.6% van lopende inkomste vir die bedryfskoste van die Algemene Sinode, en**
· **vir die sinode se bydrae vir die Kweekskool en die Argief (ooreenkoms met Wes-Kaap).**

5. BEGROTING 2005/2006

5.1 Presensie

5.1.1 DA, DL Finansies, die ander deskundige lede en die ad hoc projekbestuurders word gekoöpteer vir die bespreking van die begroting. Die volgende persone is teenwoordig:

Jan Viljoen - DA
Christo van Heerden – DL Finansies
Willem Petzer - DL Jeug
Anton Oliphant - DL Barmhartigheid
Tish Steyn - DL Vrouelidmate
Kobus Prinsloo - DL Gemeentebediening
Johan van Niekerk - DL Getuienis
Piet Naudé - Projekbestuurder NN
Barnard Steyn - Projekbestuurder B-Net

5.1.2 Verskoning word vir dr Jan Cloete, DL LAS, gemaak.

5.1.3 Chris van Wyk open hierdie sessie met gebed.

5.2 Begroting vir 2005 / 06 (pt 17.1

5.2.1 Die vergadering bespreek die sinodale begroting op voorlegging van die DA, en neem ‘n aantal besluite.

5.2.2 Visionêre Leierskap

5.2.2.1 Die volgende begroting word saamgestel:

*1 Dienslewering deur die moderatuur	72,000
*2 Gemeentekonferensies en Seisoen van luister	31,300
*3 Familie van NG Kerke, Konvent en ander kerkherenigingsprosesse	31,300
*4 Ekumeniese verhoudinge	16,135
*5 Rolvervulling: Publieke kerk	16,130
*6. Subsidie: Algemene Predikante-vergadering	20,000
*7 Voorsiening vir Algemene Sinode	80,000
*8 Projekte: Algemene Kerkverband	150,000
*9 Gesamentlike Argief en Teologiese Opleiding	150,000
5.2.2.2 Totaal visionêre leierskap	***566,865***

5.2.3 Navorsing

5.2.3.1 Verskeie opdragte is reeds gegee en sal in die begroting verreken word. Bykomende aspekte kan byvoorbeeld insluit: teologiese toerusting in die streke, die aanbied van toegepaste Kerkspieël-data vir Oos-Kaapland (Jan Bisschoff en Kobus Schoeman), en projekte vir navorsing voorgelê deur die verskillende deskundige lede.

5.2.3.2 Totaal navorsing	***R25,000***

5.2.4 Begeleiding

5.2.4.1 Uitgawe-begroting:

*1 Opleiding	15,000
*2 Inkoop GDN-dienste	10,000
*3 Ringskommissie-Werkswinkel	13,000
*4 Reiskoste B-Net	10,000
*5 Kontrakpos B-Net	24,000
*6 DL Vrouelidmate reiskoste	3,000
*7 Predikantebediening	15,000
*8 Getuienis-netwerk	10,000
*9 Onvoorsiene skakeling	10,000
*10 Projekkoördinering	30,000
*11 Sinodale kommunikasie	30,000
5.2.4.2 Totaal voor heffing	*170,000*

5.2.4.3 Inkomste-begroting vir Begeleiding:

***1 Aanbeveling:**
***1.1 Die SK besluit om ‘n heffing, uitgedruk as ‘n persentasie van die fondse beskikbaar vir ringsprojekte, in te stel op die bedrag beskikbaar vir ringsprojekte, ten einde netwerkvorming, projekkoördinering en projekbestuur deur die deskundige lede te befonds (vergelyk pt *11 hierbo).**
***1.2 Vir die 2005/2006-boekjaar beloop hierdie aftrekking 5%.**
***1.3 In die toekoms maak die projekaansoekvorm vir ringsprojekte voorsiening vir die subsidie van die projek, en nie noodwendig vir die volle begroting daarvoor nie. Projekaansoeke moet dus ook die bedrag wat uit eie ringsfondse beskikbaar is, aandui.**

*2 Heffing vir projekkoördinering (vir 2005/6 5% van R635,000)	(31,750)
****3 Totaal begeleiding(na heffing)***	***138,250***

5.2.5 Strategiese Bestuur

5.2.5.1 Totaal strategiese bestuur	**755,685**

5.2.6 Ander aspekte van die begroting

5.2.6.1 Eie projekte	185,840
5.2.6.2 Ringsprojekte (voor heffing)	635,000
5.2.6.3 Totale begroting	***2,306,640***

5.3 Voorlegging in verband met die Sinodale Werkswinkel 2005 (pt 7.5)

5.3.1 Die koste van die Sinodale Werkswinkel word in verband gebring met subsidie vir die Algemene Predikantevergadering met die oog op ‘n aanbeveling aan die SK.

5.3.2 Aanbeveling:
5.3.2.1 Gemeentes word opgeroep om hul predikante op eie koste na die Algemene Predikantevergadering te stuur, waarvan die koste nie R2,000 te bowe sal gaan nie.

5.3.2.2 Gemeentes wat nie die volle koste kan bydra nie, kan per gemotiveerde versoek by die sinode om subsidie aansoek doen. R20,000 is vir hierdie doel begroot.

6. SAKE DEUR DIE SK-DAGBESTUUR NA DIE DESKUNDIGE LEDE EN AD HOC PROJEKBESTUURDERS VERWYS

6.1 Kennis geneem dat die volgende sake na die deskundige lede en ad hoc projekbestuurders verwys is:

6.1.1 Herstrukturering van die portefeuljes van deskundige lede (pte 6.4 en 16.1) - na al die DLe en Ad Hoc Projekbestuurders verwys. Sameroeper: Barnard Steyn

6.1.2 Formulering van sinodale beleid oor die ondersteuning van werksaamhede wat in die breër verband onderneem word (pt 11.1.4.2) - na al die DLe en Ad Hoc Projekbestuurders verwys. Sameroeper: Barnard Steyn.

8. AFSLUITING

8.1 Die vergadering word met gebed afgesluit.